

Sing vooraf staande: Skrifberyming 15-7:4, 5 (43:4, 5)

- 4 Omdat jy die Woord bewaar het / van my lyde^{en} lydsaamheid,
is Ek jou ook 'n Bewaarder / in die uur van sware stryd
as die tye van besoeking / (elke mond sal dan verstom!)
oor die aarde^{en} sy bewoners / in die felste smarte kom.
- 5 Ek kom gou! Hou dan bestendig / wat my mond aan jou beloof.
Wees net waaksaam, en laat niemand / jou die eerkroon ooit ontroof.
Wie oorwin, hom sal 'k bevestig: / as 'n suil sal hy verrys,
om daar nooit weer uit te gaan nie, / in my God se pragpaleis.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 75:1, 6 (p. 377) (op Sb 18-7 se melodie)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.
- 6 God van Jakob, lof en prys / sing ek ewig tot u eer!
Hoë horings werp ek neer / wat teen U het opgerys.
Maar ons horing, swaar getref, / word deur God weer opgehef.

Gebed

Psalm 119:38, 39 (p. 594)

- 38 HERE,^oek wyk deur u genade / weg van elke slegte pad;
maar ek wyk nie van u regte, / want hul is my wysheidskat.
Soet soos heuning is u woorde, / soeter, want hul gee my raad;
daarom is 't dat ek van harte / al die valse paaie haat.
- 39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

Skriflesing: Matteus 15:1-9; Efesiërs 2:11-22;

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 7 (met verwysing ook na Art 5 en 6)

Kernvers: Matteus 15:3; Efesiërs 2:20

“Waarom verontagsaam julle self die gebod van God ter wille van julle oorgelewerde gebruike?” het Jesus geantwoord. (Matteus 15:3 AFR83)

Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is.

(Efesiërs 2:20 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 5: Die gesag van die heilige Skrif

Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewyse daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.

Artikel 6: Onderskeid tussen die kanonieke en apokriewe boeke

Ons onderskei hierdie heilige boeke van die apokriewe boeke: die derde en vierde boek van Esra, die boek van Tobias, Judit, die Wysheid, Jesus Sirag, Barug, die byvoegsel by die geskiedenis van Ester, die Gebed van die drie manne in die vuur, die Geskiedenis van Susanna, die Beeld van Bel en van die Draak, die Gebed van Manasse en die twee boeke van die Makkabeërs.

Die kerk mag hierdie boeke wel lees en daaruit lering trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem.

Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie. Hulle mag nie in die minste aan die gesag van die ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie.

Artikel 7: Die volkomenheid van die Heilige Skrif

*Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie – **ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel**, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8). En aangesien dit verbode is **om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat** (Deut 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: **'... maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is'** (1 Joh 4:1), en: **'As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie ...'** (2 Joh 10).*

2 Tim 3:17; 1 Pet 1:11-12; Spr 30:6; Gal 3:15; Open 22:18; 1 Tim 1:3; Gal 1:8-11; 1 Kor 15:2; Hand 26:22; Rom 15:4; Hand 18:28-29; 1 Pet 4; Luk 11:13; 2 Tim 3:24; 2 Tim 1:13; Kol 2:8; Hand 4:19; Joh 3:13; 2 Pet 2:16; Joh 15:15; 1 Joh 1:5; Hand 20:27; 2 Joh 1; Joh 4:25; Deut 12:32; Heb 8:9; Matt 15:3; 17:5; Mark 7:7; Jes 1:12; Hand 1:21; Rom 3:4; Jes 8:20; 2 Tim 4③3; 1 Kor 1:13; 2:4; 3:11; 1 Pet 5:12; 2 Tess 2:2; Ps 12:7; 19:8-9, 12; Deut 4:6; 6:9; Efes 4:5; Joh 5; Kol 1:16, 18; 1 Kor 8:6.

Tema: Ons het die Bybel; ons het nie nog openbarings nodig nie!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, baie van ons weet iets van bouery af. As jy 'n nuwe gebou wil oprig, moet jy seker wees dat die fondament van so 'n gebou stewig en sterk gelê is. 'n Gebou waarvan die fondament nie stewig is nie, sal beslis nie lank regop kan staan nie. Selfs ons kinders weet dit. Kinders bou graag met blokkies 'n toring en hulle weet ook hoe maklik daardie toring omval as die onderste deel van die toring nie groot en sterk gebou is nie.

In die Bybel gebruik die Heilige Gees baie verskillende beelde om die kerk van die Here te beskryf. Ons hoor van een van hierdie baie beelde in Efesiërs 2. Die Here sê die gelowiges wat Hy met sy Gees en Woord bymekaarmaak, is sy gebou. Die Here bou die sy kerk.

Paulus gee aan die Efesiërs eintlik 'n trooswoord wanneer hy sê dat hulle **nie meer ver van God af is nie** (Efesiërs 2:19 AFR83). Die Efesiërs wat almal van geboorte af heidene was, is nie meer 'n klomp los klippe wat in die veld rondlê nie. Die Here het met sy Gees in hulle gewerk sodat hulle die Woord wat aan hulle verkondig is, kon hoor en verstaan. Met sy roepstem wat Hy deur die verkondiging laat hoor het, het die Here hulle almal bymekaargemaak en in sy kerk ingebou.

En nou wys die Heilige Gees ons op 'n baie belangrike saak hier in die twintigste vers van Efesiërs 2.

Wanneer God sy gebou oprig, sorg Hy dat die fondament stewig en sterk is.

Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is (Efesiërs 2:20 AFR83).

Die kerk se ontstaan, bestaan en voortbestaan is net aan Christus Jesus te danke. Omdat die Seun van God Homself verneder het en die mens Jesus Christus geword het om op hierdie aarde die vloek en toorn van God oor die mense se sonde op Hom te neem, daarvoor die smarte van die hel te ly en te sterf, om hierdie rede het die kerk ontstaan. Die kerk is immers die mense wat deur die Heilige Gees wedergebore is. Hulle is mense wat met die bloed van Jesus Christus van al hulle sondes skoon gewas is. En hulle sou nie wedergebore en skoon gewas wees as Jesus Christus nie die prys vir hulle verlossing betaal het nie. Daarom glo ons en bely ons dat ons as kerk bestaan en voortbestaan slegs omdat Jesus Christus ons verlos het.

Ons kan dus hoor, geliefdes, dat Jesus Christus die sleutel en die kern van ons lewe as kerk en gelowiges is. Daarom noem die Heilige Gees Christus Jesus die hoeksteen van die gebou van God – van God se kerk. In die tyd van die Bybel het die mense nie al die gereedskap gehad wat ons vandag het om geboue op te rig nie. Daarom, om 'n gebou se mure presies reguit en die hoeke van die gebou presies negentig grade te kry, het hulle eers 'n steen presies gekap. Hierdie steen moes presies reguit aan al ses sy kante wees en presies reghoekig. So 'n presiese steen is dan gelê as die hoeksteen. Die fondament van die gebou en later die mure van die gebou is presies in lyn met hierdie hoeksteen gebou. Sodoende het hulle verseker dat die gebou stewig en vas en presies bly staan. Alles het dus van hierdie hoeksteen en die fondament afgehang.

Christus Jesus is hierdie hoeksteen in die gebou van God, in die kerk van die Here. Christus en sy versoeningswerk aan die kruis is presies soos wat God dit wou gehad het. Net Jesus Christus kan en het die gelowiges van hulle sondes verlos sodat hulle in God se gebou ingebou kan word. Met Christus Jesus as hoeksteen het God verder ook die fondament vir die kerk gelê. Deur sy Gees aan die apostels en die profete te gee, sy woorde in hulle monde te lê, het Hy gesorg dat die apostels en die profete sy Woord verkondig sodat dit presies in lyn met Christus Jesus – die hoeksteen – is.

Met die apostels en die profete verwys die Here na die Ou en die Nuwe Testament. Die profete van die Ou Testament het God se Woord verkondig en hierdie verkondiging wys vooruit na Christus wat sou kom. Die apostels van die Nuwe Testament het God se Woord ook verkondig en hierdie verkondiging wys weer terug op Christus wat gekom het. Christus Jesus is dus die hoeksteen ook van die Bybel, vanaf Genesis tot Openbaring. Die hele Woord van God sluit in Christus Jesus saam en is die fondament wat God vir sy gebou gelê het. Net op hierdie Woord van God, waarin Christus Jesus die hoeksteen is en die apostels en die profete die fondament is, word die kerk van die Here gebou.

Daarom, broers, susters en kinders, noem ons in Artikel 4 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis al ses en sestig boeke by die naam wat die Here aan ons gegee het as sy heilige Woord. En in Artikel 5 sê ons dat ons **al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek aanvaar om ons geloof daarna rig**, dit wil sê in lyn daarmee te kry, en ons **grondves** ons geloof op hierdie ses en sestig boeke en die Here **bevestig** ons geloof met hierdie ses en sestig kanonieke boeke.

Ter wille van duidelikheid moet ons tog sê wat *kanoniek* beteken. Die woord *kanoniek* kom van die Griekse woord *kane* wat direk vertaal *riet* beteken. In die ou tyd is 'n papyrusriet as 'n meetstok gebruik omdat die litte daarvan eweredig uit mekaar is. Hierdie gedagte van om iets mee te meet word op die Bybel toegepas. Die Bybel is die meetstok wat die Here vir sy gelowiges gee om te meet en te toets. Alles wat ons doen en sê, word aan die Bybel gemeet om te sien of dit ooreenstem met wat die Here wil hê ons moet doen en sê. 'n Kind van God se woorde en daede moet presies in lyn

wees met die fondament wat die Here gegee het, presies in lyn met Christus Jesus die hoeksteen.

Op grond van die Here se woorde in Efesiërs 2 bely ons dan hier in Artikel 7: ***Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word.*** Alles wat God wil hê ons moet weet, alles wat Hy wil hê ons moet doen, alles wat Hy wil hê ons van Hom en sy Seun en sy Gees moet glo, het Hy in hierdie ses en sestig boeke vir ons neergeskryf. Hierdie Bybel is genoeg sodat ons vir Jesus Christus kan leer ken en in Hom glo en in God glo as ons hemelse Vader. Ons het nie ander boeke of besluite van kerklike vergaderings nodig nie. Alles wat ons wil weet en moet weet, staan hierin geskryf. Net hierdie ses en sestig boeke waarin Christus Jesus die hoeksteen is, is die fondament vir die kerk se lewe en vir die geloof van die gelowiges.

Dit beteken dan dat die Bybel 'n geslote kanon is. 'n Mens kan mos nie 'n meetstok langer en korter maak en dan nog steeds reg meet en toets nie. Of, na aanleiding van die beeld van die fondament en die gebou: 'n mens kan mos nie aan die fondament gaan verander as daar begin is om die gebou daarop op te rig nie. As ons mense meen dat die bestaande fondament, naamlik die Bybel, nie genoeg is vir ons geloof nie, sê ons dat die Here ons om die bos gelei het. Dan sê ons dat die Here se werk nie volmaak en genoeg na ons sin is nie en ons mense moet dit dan klaarmaak. Of as ons iets uit die Bybel wil wegneem en sê dat dit nie nodig vir ons geloof is nie, sê ons dat die Here te veel vir ons gegee het en ons moet nou self besluit watter dele van die fondament ons gaan uitkap. Hoe sal die gebou van God kan bly staan as die fondament verander word? Hoe sal die kerk kan bly voortbestaan as daar voortdurend aan die Bybel toegevoeg moet word of weggeneem moet word?

Geliefdes, die Here waarsku ons self om nie aan die fondament wat Hy gegee het te torring nie. In sowel Deuteronomium 12 as in Openbaring 22 sê die Here uitdruklik dat niks aan sy wet en aan sy Woord toegevoeg of weggeneem mag word nie. Maar ondanks hierdie waarskuwing van die Here vertoon die geskiedenis maar 'n droewige prentjie van mense wat nie gehoorsaam aan die Here wil bly nie. Die Gereformeerdes van die 16de eeu het dit daarom noodsaaklik geag dat ons op grond van die Here se Woord moet bely dat die Bybel 'n afgeslote kanon is.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is opgestel sodat die owerhede kan weet hoekom die Gereformeerdes van die Roomse Kerk verskil. Die Roomse Kerk erken ook die Bybel as die Woord van God, maar dit is vir hulle nie 'n afgeslote kanon nie. Die uitsprake van die pous en besluite van hulle kerklike vergaderings het vir hulle net soveel gesag as wat die Bybel het en soms het dit meer gesag as die Bybel vir hulle. En of die uitsprake van die pous en die besluite van hulle kerklike vergaderings nou in lyn is met die fondament wat die Here gegee het, maak nie saak nie, want die Roomse Kerk is oortuig dat die pous se woorde steeds deur die Heilige Gees geïnspireer word.

Maar ***alle mense is uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self.*** Daarom kan ons nie die uitsprake of geskrifte van mense of die besluite van kerklike vergaderings gelykstel aan die waarheid van God nie. Die waarheid van God is bo alles.

Die getorring aan die Bybel, die fondament wat God vir sy kerk gelê het, het egter nog nie opgehou nie. Die sogenaamde nuwe hervorming waarmee sommige teoloë in Suid-Afrika hulle besig hou, torring ook aan die Bybel. Aan die een kant meen hulle die fondament is te groot en wil hulle sommige dele van Jesus se woorde en werke daaruit wegkap. Maar aan die ander kant meen hulle die fondament is onvolledig en wil hulle nuwe geskrifte wat ontdek is aan die Bybel toevoeg of gelykstel met die Bybel. Een so 'n geskrif waarop hulle so baie klem lê en wat hulle meen so belangrik vir die kerk is, is die Evangelie van Thomas. Hierdie geskrif is eers in 1947 ontdek. As hierdie geskrif dan so belangrik en onmisbaar vir die kerk is, soos wat hulle te kenne wil gee, beteken dit mos dat die Here 'n skewe of 'n halwe fondament vir sy kerk gelê het. Het ons dan nou die Here leer ken as iemand wat halwe werk doen? Nee, ons God is goed en volmaak en die werk wat Hy

doen is ook goed en volmaak.

Broers, susters en kinders, ons moet daarop let dat al hierdie getorring aan die Bybel nie nuwe dinge is nie. Die duiwel kan nie nuwe dinge uitdink nie. Hy trek die ou dwalinge net nuwe baadjies aan en verkondig dit met mooier woorde. Reeds toe Jesus Christus op die aarde was, het die mense aan die fondament van God getorring.

Die Fariseërs wat Jesus wou aanspreek omdat sy dissipels nie hulle hande was voor ete soos die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte dit wou hê nie, het ook aan die Bybel getorring. Hierdie handewassery was nie net om higiëniese redes nie, maar ook om die stof van die markplein en die heidene se nabyheid van hulle hande af te was. Jesus antwoord hulle vraag met 'n teenvraag. Hy wil weet waarom hulle die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte voorhou asof dit beginsels uit die Skrif is, terwyl hulle die werklike gebooië van God minag. Die Fariseërs het die mense geleer dat as jy 'n deel van jou besittings aan die Here afstaan, is jy nie meer verplig om vir jou pa of ma te sorg nie.

Die Fariseërs het dus toe al hulle uitsprake en gewoontes belangriker geag as die bevele van God. Jesus vat hulle optrede dan met hierdie woorde saam:

So ontnem julle die woord van God sy gesag ter wille van julle oorgelewerde gebruike,
(Matteus 15:6 AFR83)

Dit is wat elke mens of kerk doen wat aan die Bybel, die fondament van God, wil torring. Hulle wil te kenne gee dat die woorde en besluite van mense meer gesag as die Bybel het en daarom ook deel van die fondament vir die kerk moet uitmaak.

Iemand kan nou ook nog vra of ons dan naas die Bybel ook ander boeke mag lees. Trouens, daar is mense wat sê dat die kerk hulle verbied om byvoorbeeld die apokriewe boeke te lees. Diegene wat wil weet watter boeke apokriewe boeke is, kan maar net gaan kyk na die lys van boeke wat ons in Artikel 6 opnoem. Die benaming *apokrief* of *apokriewe* beteken *verborge*. By die kerk in die eerste eeue het hierdie benaming 'n negatiewe betekenis gehad, want dit is boeke wat voorgee om goddelike geskrifte te wees maar eintlik vals is.

Vanaand kan elkeen egter verseker weet dat die kerk hierdie boeke nie wil wegsteek nie. In Artikel 6 bely ons dat die gelowiges hierdie boeke kan lees en daar is vandag ook Afrikaanse vertalings van hierdie apokriewe boeke beskikbaar. Ons mag selfs **lering** uit die apokriewe boeke **trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem**. Dit wil sê ons mag van hierdie boeke gebruik maak vir sover hulle in lyn is met die fondament wat God deur sy apostels en profete laat lê het. Elke gelowige wat die apokriewe boeke lees, sal dadelik agterkom dat hulle nie dieselfde gesag as die Bybel het nie. Die Heilige Gees sal dit in jou hart getuig. In die apokriewe boeke leer ons immers niks van die geloof in die Drie-enige God nie, want dit lê nie honderd persent in lyn met Christus Jesus die hoeksteen nie.

Broers, susters en kinders, die Here het alles wat Hy wil hê ons moet weet dus in hierdie ses en sestig boeke, wat ons as die Bybel ken, gegee. Alles wat Hy wil hê ons moet glo, die manier waarop Hy wil hê ons Hom moet dien, al hierdie dinge het Hy volledig vir ons in die Bybel gegee. Daarom noem die Heilige Gees die Ou en die Nuwe Testament die fondament van die profete en die apostels wat saamsluit in die hoeksteen, Christus Jesus ons Here. Wie die Bybel as die God se fondament vir sy en haar geloofslawe aanvaar, kan nie anders as om alles wat hulle doen en sê as gelowiges en as kerk aan hierdie fondament van God te toets nie. Alles wat ons doen en sê moet presies in lyn wees met die fondament wat saamsluit in Christus Jesus.

Amen!

Slotgebed

Psalm 119:42, 43 (p. 595)

- 42 Vir u wette dra ek liefde, / vir die twyf'laars enkel haat.
HEER, U is my skild en skuiling, / en u woord my toeverlaat.
Weg van my, o boosgeaardes; / want dit maak my onrus stil:
om in my bedryf en handel / so te wandel soos God wil.
- 43 Stel u woord my tot 'n steunsel, / dat 'k kan lewe, en nie loop
tot my eie spot en skande, / na 'n ongewisse hoop.
Sterk my, red my; laat die liefde / tot u wet in my ontwaak;
want U bring oor hul veragting / wat bedrog hul steunsel maak.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 September 2012